

# Bly dié winter warmer

Insulasie en 'n goeie geiser kan jou en jou gesin in die koue maande snoesig hou – en boonop krag bespaar

HET jy geweet jou plafon is die grootste oppervlak in jou huis wat in die somer hitte binnehou en in die winter hitte uitstraal?

As jy jou plafon op die regte manier met 'n gehalteprodukt isoleer, kan jy die temperatuurkommeling in jou huis baie doeltrefferder beheer sodat dit in die winter heerlik warm binne is en in die somer lekker koel.

Daarby sal jy elektrisiteit bespaar, want jy sal minder bykomende verhitting- of verkoelingsbronne soos lugversorgers, verwarmers en waaiers nodig kry.

Maar watter produk moet jy kies? Daar is so 'n groot verskeidenheid isolasieprodukte op die mark dat dit jou maklik kan verwar.

Praat gerus met Cashbuild, die kampvegter vir verbruikers, waar jy gehalte-isolasieprodukte teen lae pryse sal kry.

Plafonbord is teen brand, vog, hitte en muf bestand, en insekte en rotte kan nie daaraan vreet nie. Dit is 'n skoner, duursamer manier om jou plafon te installeer. Op die lang duur sal dit jou ook help krag bespaar en tot 'n gesonder omgewing bydra.

Jy kan ook isolasie materiaal installeer vir ekstra beskerming en gemak.

Volg hierdie maklike installeringswenke en sorg dat jy hierdie winter warmer bly:

## MOETS

- Druk die eindpunte van die rolle styf teen mekaar vas om deurlopende isolasie te verseker. Los 150 mm om skoorsteensype, plafonwaaiers en gesonke ligte.
- Draai jou geiser en waterpype met isolasie materiaal toe om nog meer krag te bespaar.
- Gebruik afvalstukke om spasies, skeure en hoeke te vul.

## MOENIES

- Moenie ventilasiepunte met isolasie materiaal blokkeer nie en ook nie die gaping tussen die dakrande en lugstene nie.
- Isolasie materiaal moet nooit aan metaal-skoorstene of -pype raak wat deur die plafon loop nie.
- Moenie vergeet om isolasie materiaal onder jou geiser en bo die valdeur te plaas nie.

As jy 'n geiser met die nuutste tegnologie installeer, sal jy beduidend minder vir energie opdok.

Daar is ook 'n kleiner kans dat dit dan sal bars, roes of breek.

Al Cashbuild se geisers voldoen aan die hoogste plaaslike en internasionale gehal-



GRANT/STOCK/COMBIS

testandaarde. Die produkte word gewaarborg en plaaslike diensagente volg streng gehaltebeheerstelsels in alle fases van die vervaardiging en naverkoopdiens.

Hier is nog stof tot nadenke oor hoe jy broodnodige krag en geld kan bespaar:

- Regdeur die wintermaande sal jou geiser waarskynlik jou kragrekening 'n knou toedien, veral in die binneland waar temperature kwaai daal. In kouer weer verloor geisers baie vinniger hitte. 'n Eenvoudige oplossing is om 'n geiserkombers te installeer en alle oop warmwaterpype wat uit die geiser loop met termiese pypbekleding te isoleer.
- Geisers werk harder in die winter, want die termostaat sal gereelder aanskakel. Die temperatuurstelling op die termostaat moet in die winter op 65-70 °C gestel word (verkieklik nie hoër nie, want dit sal jou kragverbruik bedui-

dend verhoog). In die somer moet die temperatuurstelling 50-60 °C wees, maar nooit laer as 50 °C nie, want dit kan die groei van bakterieë in die geiser bevorder.

Die SABS-goedgekeurde Franke Combi-slim Dual 100 L-geiserpak is met die jongste tegnologie toegerus, onder meer 'n unieke eindop-ontwerp. Dit bied IPX4-beskerming teen spattende water.

Die produk kan horisontaal sowel as vertikaal geïnstalleer word. Dis makliker as wat jy dink.

Vra gerus 'n Cashbuild-personeelid vir nog besonderhede.

- Besoek jou plaaslike Cashbuild-winkel of bel Cashbuild by 227-428-453 vir nog inligting oor gehalte-isolasieprodukte en geisers. Cashbuild-winkels het alles wat nodig is om jou hierdie winter warm te hou. ■

